## Regsuitdaging **FEITEBLAD**

# TGS Geofisiese Maatskappy Weskus Seismiese Opname


**Aukotowa Fisheries Primary Co-operative, The Green Connection en Natural Justice** (die Aansoekers) teen die staat en TGS (as die Respondente).

Op 1 en 2 Junie 2026 sal die Wes-Kaapse Hooggeregshof argumente aanhoor oor voorgestelde massiewe driedimensionele (3D) seismiese opname aan die Weskus van Suid-Afrika, om die seebodem vir potensiële olie- en gasreserwes uit te beeld. Die organisasies (die aansoekers) voer aan dat hierdie uitdaging fundamenteel 'n kwessie van goeie bestuur is en om te verseker dat besluitnemers alle relevante inligting voor hulle het wanneer die besluit geneem word.

## Impakte:



- Die voorgestelde opnamegebied is aflandig geleë by St Helena-baai tot by Hondeklip-baai, waar kleinskaalse vissers al geslagte lank woon en werk.



- Hierdie proses behels die gebruik van luggewere om harde klankpulse in die oseaan te blaas om die seebodem vir potensiële olie- en gasreserwes te karteer.



- Die oseaan is 'n akoestiese wêreld waar diere op klank staatmaak vir oorlewing. Die geluid van hierdie ontploffings kan honderde kilometers deur die water reis, baie verder as wat in die verslae voorgestel is, wat 'n beduidende risiko vir walvisse, dolfyne en vispopulasies inhou wat noodsaaklik is vir die plaaslike ekosisteem en ekonomie.

- Hierdie geraas kan fisiese beserings aan mariene soogdiere soos walvisse en dolfyne en gedragsveranderinge veroorsaak, keer dat diere kommunikeer, maats of kos vind, wat dan lei tot impakte op die marienebevolking en ekosisteem.

## Uiteensetting van die aansoekers se sleutelargumente:

### Gebrek aan wettige gesag

- Die Direkteur-generaal van die Departement van Minerale en Petroleumhulpbronne het nie die wettige gesag gehad om die omgewingsmagtiging toe te staan nie.
- Volgens die wet moet besluitnemingsmagte behoorlik gedelegeer word van 'n Minister aan 'n amptenaar. Hierdie delegasie het nie korrek plaasgevind nie, wat beteken die oorspronklike besluit is geneem deur iemand wat nie die gesag gehad het om dit te doen nie, en dus die hele proses onwettig gemaak het.

### Versuim om die kuslyn te beskerm

- Die staat het die *National Environmental Management: Integrated Coastal Management Act* geïgnoreer. Hierdie wet is geskep om te verseker dat ons kuslyn as 'n gedeelde hulpbron bestuur word tot voordeel van alle burgers en die mariene omgewing, eerder as net vir industriële belange.
- Die wet vereis dat amptenare die belange van die hele gemeenskap in ag neem en om die kus wat openbare eiendom is, te beskerm.
- Toe die regering sy besluit geneem het, het dit versuim om die vereistes van hierdie Wet toe te pas. Deur hierdie plig te ignoreer, het die staat in sy rol as die openbare trustee van ons kuslyn gefaal.

### Impakte op kleinskaalse vissers en kusgemeenskappe

- Die staat het nie behoorlik ondersoek ingestel na hoe die harde geraas en die uitsluitingsones wat deur die opnamevaartuie geskep is, die lewensbestaan van hierdie vissers en kusgemeenskappe sou benadeel nie.
- Bewyse van mariene bioloë dui daarop dat die wetenskap wat deur die maatskappy gebruik is om geraasimpak te voorspel, gebrekkig was.
- Die opname sou groot uitsluitingsones skep waar vissersvaartuie dalk maande lank nie toegelaat word om in te gaan nie.
- Dit kan kleinskaalse vissers effektief afsny van hul gevestigde leefwyse en hul primêre middele om 'n bestaan te skep en hul gesinne te ondersteun.

## Die wetenskap van klank en mariene lewe

- Die geraas van seismiese ontploffings is baie meer skadelik as wat die staat of die maatskappy voorgestel het.
- Die geraasimpakassessering het nie die kumulatiewe effek van ontploffings, wat elke paar sekondes vir maande aaneen plaasvind, in ag geneem nie.
- As visse of ander spesies aansienlik deur die ontploffings geraak word, sal kleinskaalse vissers wat op 'n gesonde ekosisteem staatmaak, ook ly. Die kleinskaalse vissers wat op 'n gesonde ekosisteem staatmaak, gaan die meeste ly.

## Klimaatsverandering en weggelate beleidsinligting

- Die regering het sy besluit geneem sonder om die klimaatsverandering-implikasies van die voorgestelde opname behoorlik in ag te neem.
- Die soeke na nuwe olie- en gasbronne, die implikasies van klimaatsverandering van die opname en beoogde produksie en ander afstroomaktiwiteite, is fundamenteel onverenigbaar met die wêreldwye doel om temperatuurstygings tot 1,5 grade Celsius, soos uiteengesit in die Parys-ooreenkoms, te beperk.
- Die regering het 'n wetlike plig om te oorweeg hoe sulke projekte in lyn is met Suid-Afrika se internasionale en binnelandse klimaatverpligtinge.
- Die inligting oor die konflik tussen hierdie opname en ons nasionale koolstofbegroting is nooit voldoende aan die Direkteur-Generaal voorgelê nie. Deur nie hierdie kritieke beleidsbewyse in ag te neem nie, kon die besluitnemer nie 'n ten volle ingeligte of rasionele besluit geneem het oor die behoefte aan en wenslikheid van die projek nie.

## Ekonomiese risiko's en die bedreiging van gestrande bates

- Die ekonomiese assessering wat aan die regering verskaf is, was onvolledig en eensydig. Die verslae wat gebruik is om die opname te regverdig, het nie enige analise van oorgangsrisiko's of die risiko van gestrande bates ingesluit nie (beleggings wat voortydig hul waarde verloor as gevolg van veranderinge in die wêreldmark, soos die wêreldwye skuif weg van fossielbrandstowwe na hernubare energie).
- Die omgewingsimpakbepaling vir die TGS Geofisiese Maatskappy-projek het nie die besluitnemer gewaarsku oor die hoë waarskynlikheid dat hierdie olie- en gaseksplorasies nooit winsgewend of volhoubaar sal wees in 'n dekarboniserende wêreld nie. Die regering is met moontlik oorskatte ekonomiese voordele aangebied sonder om die risiko's van langtermyn ekonomiese mislukking te wys.
- Vir 'n besluit om wettig te wees, moet die amptenaar beide die voordele en die laste weeg, en deur hierdie beduidende ekonomiese risiko's te ignoreer, het die regering in sy plig van sorgvuldige en deursigtige administrasie, gefaal.

# Belangrike datums:

**2023** Direkteur-generaal van die Departement van Minerale en Petroleumhulpbronne het 'n omgewingsmagtiging aan *TGS Geophysical Company United Kingdom Limited* toegestaan. Hierdie magtiging het die maatskappy in staat gestel om 'n massiewe driedimensionele (3D) seismiese opname uit te voer aan die Weskus van Suid-Afrika.

Die Aukotowa Fisheries Primary Co-operative, The Green Connection and Natural Justice, sowel as vier ander partye, het teen hierdie besluit by die Minister van Bosbou, Visserye en die Omgewing geappelleer.

**April 2024** Die Minister van Bosbou, Visserye en die Omgewing het hierdie interne appèlle van die hand gewys. Gevolglik het die aansoekers die Wes-Kaap Hooggeregshof genader om hierdie besluite te hersien en tersyde te stel.

**1 en 2 Junie 2026:** Wes-Kaapse Hooggeregshof verhoor

